14 Junie 2024

Liewe voornemende Louwtjie-Ouers

Ons deel hiermee graag die volgende inligting rakende die GDO aanlynregistrasies vir Graad 1 2025.

GRAAD 1 AANSOEKE 2025	
AANLYNREGISTRASIES OPEN:	DONDERDAG 11 JULIE 2024
AANLYNREGISTRASIES SLUIT:	MAANDAG 12 AUGUSTUS 2024

WATTER DOKUMENTASIE MOET EK VOORBEREI?

Ter voorbereiding van die aanlynregistrasieproses vra ons dat u solank die volgende dokumentasie voorberei.

Baie belangrik!

- **ALLE** dokumente hieronder MOET gesertifiseer wees en moet nie ouer as 3 maande oud wees nie.
- Ouers is welkom om dit na die skool toe te bring vir sertifisering. Alle dokumente moet vergesel word deur die oorspronklike dokument.
- Dokumente word fisies by die skool ingehandig.
- Ouers teken ’n **register** vir inhandiging van dokumentasie by Die Glaskantoor.
- Ouers ontvang ’n **strokie** vir die bevestiging van inhandiging van dokumentasie by Die Glaskantoor.

DOKUMENT	GESERTIFISEER
1. Leerder: Geboortesertifikaat	Ja
2. Leerder: Inentingskaart	Ja
3. Ouer/voog 1: ID	Ja
4. Ouer/voog 2: ID	Ja
5. Bewys van huisadres: <u>Vir huiseienaars:</u> ’n Munisipale rekening wat die volle huisadres noem in die naam van die ouer/voog en nie ouer as 3 maande nie. <u>Vir huurders:</u> a. Munisipale rekening wat die volle huisadres noem in die naam van die eienaar en nie ouer as 3 maande nie. b. ’n Huurkontrak geteken deur die huurder en die verhuurder/eienaar, nie ouer as 3 maande nie en met die volle huisadres. c. Huiseienaar se ID d. Huurstrokies met volle fisiese adres, nie ouer as 3 maande. OF Bewys van werkadres (indien hierdie opsie gekies word).	Ja

WAT IS DIE KRITERIA VIR PLASING BY 'n SKOOL?

Die kriteria vir plasing by 'n skool geskied in die volgende volgorde:

1. Huisadres.
2. Sibbe in dieselfde skool.
3. Werksadres binne voedingsarea van die skool.
4. Huisadres binne 30km vanaf die skool.
5. Huisadres buite 30km vanaf die skool.

HOE WERK DIE AANLYNREGISTRASIE?

1. Registreer aanlyn by https://www.gdeadmissions.gov.za/ sodra die registrasies oopmaak op Donderdag 11 Julie 2024.
2. **Baie belangrik:** Die selfoonnommer waarmee jy registreer MOET nie weggegooi word nie. Dit is die nommer waarop die Departement met jou gaan kommunikeer om die plasing van jou kind te bevestig.
3. Wanneer die aanlynregistrasie voltooi is, sal u 'n SMS ontvang met 'n 'WA' verwysingsnommer. E-pos asseblief hierdie nommer na pos@llg.co.za met u kind se naam en van.
4. Sodra die aanlynaansoek voltooi is, sal die skool die dokumentasie wat u ingehandig het by die skool aanlyn verifieer, waarna u 'n SMS sal ontvang om te bevestig dat die proses nou voltooi is, of alternatiewelik, aandui dat dokumentasie uitstaande is. Alle dokumentasie moet ingehandig word binne 7 dae vanaf ontvangs van hierdie SMS ingehandig wees.

LLG REGISTRASIEVORM

- Vul 'n hardekopie van die Laerskool Louw Geldenhuys 2025 Registrasievorm in en handig dit in by Die Glaskantoor vir aandag: Marlet Homan.
- Hierdie vorm sal verpligtend wees sodra u die finale plasingsopsie per SMS vanaf die GDO aanvaar het.

FINALE PLASING

Plasings vind gewoonlik plaas in die derde kwartaal. Die GDO sal hierdie datum bevestig. Hierdie bevestiging gebeur per SMS.

NAVRAE

Kontak ons gerus vir enige navrae of hulp indien nodig.

NAVRAE: 011 782 5442/3	**MARLET HOMAN** (marlet@llg.co.za)

Louwtjiegroete.

MNR. MARTIN BENSCH
LLG HOOF